



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING 2012

GRAAD 9

AFRIKAANS HUISTAAL

STEL 3: 2012 MODELVRAE

RIGLYNE BY DIE GEBRUIK VAN JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERINGSVOORBEELDE (ANA)

1. Algemene oorsig

Die Jaarlikse Nasionale Assessering (ANA) is 'n summatiewe assessering van die verwagte kennis en vaardighede wat leerders aan die einde van graad 1 tot 6 en graad 9 moes ontwikkel het. As hulpmiddel vir die skoolgebaseerde assessering en om te verseker dat leerders die nodige selfvertroue ontwikkel om suksesvol deel te neem aan eksterne assessering, het opvoedkundige panele en vakspesialiste voorbeeldvraestelle ontwikkel wat onderwysers vir Taal- en Wiskunde-onderrig kan gebruik. Die voorbeeldvraestelle is ontwikkel, gebaseer op die kurrikulum wat oor die eerste drie kwartale van die skooljaar strek. Daar is ook 'n volledige Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets (ANA) vir elke graad. Die voorbeeldvraestelle, insluitend die modeltoets, is aanvullend tot die skoolgebaseerde assessering wat leerders deurgaans moet voltooi en vervang nie die skoolgebaseerde assessering nie.

2. Die struktuur van die voorbeeldvraestel vrae

Die voorbeeldvraestelle is ontwerp om verskillende tegnieke of style te illustreer om dieselfde vaardighede en/of kennis te assesseer. Spesifieke inhoudkennis of 'n vaardigheid kan byvoorbeeld geassesseer word deur 'n meervoudige keusevraag (waar leerders die beste antwoord uit die gegewe opsies kies) of 'n stelling (wat van die leerder vereis om 'n kort antwoord of 'n paragraaf te skryf) of ander soorte vrae (wat leerders vra om gegewe woorde/stellings met lyne te verbind, om gegewe sinne of patrone te voltooi, om hulle antwoorde met tekeninge of sketse te toon, ens.). Onderwysers en leerders sal dus 'n aantal voorbeeldvraestel vrae kry wat verskillend gestruktureer is, maar wat dieselfde spesifieke inhoud en vaardigheid teiken. Blootstelling aan 'n groot verskeidenheid vraagstellingstegnieke of -style gee leerders die nodige selfvertroue om op verskillende toetsitems te reageer.

3. Verband met ander leer- en onderrigbronnemateriaal

Sommige teksgedeeltes en vrae word doelbewus vir integrering met die graadverwante werkboeke verbind. Die voorbeeldvraestelle voldoen ook aan die vereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV), graad R tot 12, die Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklarings (NKABV) vir die onderskeie grade en die Nasionale Protokol vir Assessering. Hierdie dokumente, saam met ander dokumente wat deur 'n skool voorsien kan word, sal 'n ryk bron van bronnemateriaal vorm wat onderwysers in staat sal stel om lesse te beplan en om formele assessering uit te voer.

4. Hoe om die voorbeeldvraestelle te gebruik

Alhoewel die voorbeeldvraestelle vir die verskillende grade en vakke as 'n omvattende stel saamgestel is, hoef die leerders nie op die hele stel in een sessie te reageer nie. Die onderwyser moet toepaslike voorbeeldvrae kies wat deel vorm van die beplande les. Sorgvuldig geselekteerde individuele voorbeeldvrae of 'n hanteerbare groep vrae kan tydens die verskillende stadiums van die onderrig- en leerproses soos volg gebruik word:

- 4.1 Aan die begin van 'n les as 'n diagnostiese toets om leerders se sterk en swak punte vas te stel. Die **diagnose** moet lei tot onmiddellike **terugvoer** aan leerders en **geskikte lesse** moet ontwikkel word om aandag te gee aan die geïdentifiseerde swak punte en om die sterk punte uit te bou. Die diagnostiese toets kan as tuiswerk gegee word om nie onderrigtyd in die klaskamer te verloor nie.
- 4.2 Gedurende die les as kort, informatiewe toetse om te assesseer of leerders die veronderstelde kennis en vaardighede ontwikkel soos wat die les verloop en om seker te maak dat geen leerder agter raak nie.
- 4.3 By die voltooiing van 'n les of reeks lesse as 'n summatiewe toets om te assesseer of die leerders voldoende begrip het en of hulle die kennis en vaardighede in die voltooide les(se) kan toepas. Spoedige terugvoer aan leerders is noodsaaklik, sodat die onderwyser kan vasstel of daar dele van die les(se) is wat weer behandel moet word om spesifieke kennis en vaardighede vas te lê.

4.4 Om by alle fases leerders aan verskillende tegnieke van assessering of vraagstelling bloot te stel, bv. hoe om meervoudigekeuse-vrae (MK), oop vrae of vryeresponsvrae, kortvrae, ens. te beantwoord.

Waar diagnostiese en formatiewe toetse korter in terme van die aantal vrae kan wees, sal die summatiewe toets heelwat meer vrae insluit, afhangend van die hoeveelheid werk wat reeds teen 'n sekere tyd behandel is. Dit is belangrik om seker te maak dat leerders uiteindelik genoeg oefening kry in die beantwoording van 'n volwaardige toets, soortgelyk aan dié van die Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets.

5. Memorandums of nasienriglyne

'n Tipiese voorbeeld van die verwagte response (nasienriglyne) word by elke voorbeeldtoets en Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets gegee. Onderwysers moet in gedagte hou dat die nasienriglyne geensins rigied is nie. Dit gee slegs breë riglyne ten opsigte van verwagte response en onderwysers moet aanvaarbare moontlikhede ondersoek en ander aanvaarbare response van die leerders aanvaar.

6. Kurrikulumdekking

Dit is van kardinale belang dat die kurrikulum in elke klas ten volle behandel moet word. Die voorbeeldvraestelle vir elke graad en vak verteenwoordig nie die kurrikulum in sy geheel nie. Dit is slegs 'n **voorbeeld** van belangrike kennis en vaardighede en dek die werk wat op die eerste drie kwartale van die skooljaar betrekking het. Die tempo waarteen die werk in sekere skoolkwartale behandel moet word, is vervat in die betrokke Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklarings (NKABV).

7. Gevolgtrekking

Die doelwit van die Departement is om die vlak en kwaliteit van leerderprestasie in die kritiese grondslagvaardighede van gesyferdheid en geletterdheid te verbeter. Die Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets is een instrument wat die Departement gebruik om vas te stel of leerderprestasie verbeter. Daar word van distrikte en skole verwag om onderwysers te ondersteun en om die nodige hulpmiddels daar te stel om die effektiwiteit van onderrig en leer in skole te verbeter. Deur van die Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoetse as deel van die onderwys hulpmiddels gebruik te maak, sal onderwysers leerders help om vertrouwd te raak met verskillende style en tegnieke van assessering. Indien die voorbeeldvraestelle behoorlik aangewend word, sal dit help dat leerders die toepaslike kennis opdoen en vaardighede ontwikkel om effektief te leer en om beter te vaar in toekomstige Jaarlikse Nasionale Assesseringstoetse.

1. Bestudeer die advertensie hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.



**Selfgedrewe
tuisonderwys!**

Dramatiese prysverlaging!

Die meeste pryse is met 80%
verlaag. Klop die resessie!

Vir tuisonderwys of aanvulling vir skool.
Handboeke, rekenaarprogramme, vakgidse
met doelwitvelle, skriftelike eksamenvraestelle
met memorandums en omvattende oeroplei-
ding. Gr 1 tot 9. Naas 'n soliede kennisvlak ontwik-
kel Selfgedrewe Onderwys noodsaaklike 21ste-
eeuse vaardighede en houdings.

Alles beskikbaar op ons webwerf, 24/7.

**Ken
Web**

Goedkoper, vinniger, makliker, beter
www.kenweb.co.za

- 1.1 Omkring die antwoord wat NIE korrek is nie.

Hoekom word verskillende lettergroottes en lettertipes gebruik?

- A om die leser se aandag te trek.
- B om die advertensie interessanter te maak.
- C om pret met die rekenaar te hê.
- D om sekere aspekte van die advertensie te beklemtoon.

(1)

1.2 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR? Motiveer jou antwoord.

Verskillende lettergroottes en lettertipes word gebruik om die leser te wys hoe veelsydig 'n rekenaar is.

(2)

1.3 Hoekom word verskillende lettergroottes en lettertipes gebruik?

(1)

1.4 Noem EEN tegniek wat die kopie-skrywer gebruik om die aandag van die leser op die advertensie te vestig?

(1)

1.5 Omkring die regte antwoord uit die onderstaande moontlikhede.

Die kinders hardloop want ...

- A hulle wil graag gaan speel.
- B hulle voel nie lus vir skoolwerk nie.
- C hulle vorder vinniger as hulle klasmaats.
- D hulle is bang dat die hand hulle sal gryp.

(1)

1.6 Die kinders hardloop vir hul ouers weg omdat hulle nie hul huiswerk gedoen het nie.

Stem jy saam met hierdie stelling? Antwoord JA of NEE en staaf jou antwoord met 'n verwysing na die advertensie.

(2)

1.7 Hoekom, dink jy, hardloop die kinders weg?

(2)

2.1 Die pryse van alle studiemateriaal is met 80% verlaag.
Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? Motiveer jou antwoord deur DRIE
woorde aan te haal.

(2)

2.2 "Klop die resessie"
Hoe, dink jy, sal die prysverlaging van hierdie materiaal jou of jou ouers help
om die resessie te klop?

(1)

2.3 Hierdie studiemateriaal is net vir leerders wat tuis studeer.
Stem jy saam? Haal 'n sin uit die teks aan om jou antwoord te staaf.

(2)

2.4 Omkring die regte antwoord uit die lys hieronder.

Kies die verskynsels wat in die advertensie voorkom wat tipies van die een en
twintigste-eeu is.

- A rekenaar en tuisonderrig
- B boeke en rekenaar
- C webwerf en rekenaarprogramme
- D rekenaar, boeke, pen en leerders

(1)

2.5 Sal hierdie advertensie jou aanmoedig om produkte wat geadverteer word te koop? Sê JA of NEE en gee 'n rede vir jou antwoord.

(2)

2.6 Voltooi hierdie sin in jou eie woorde.
Hierdie advertensie is doeltreffend/nie doeltreffend nie, want ...

(2)

2.7 Watter boodskap wil die kopieskrywer (ontwerper van die advertensie) oordra deur te sê dat hierdie produkte "Goedkoper, vinniger, makliker, beter" is?

(2)

2.8 Omkring die regte antwoord.

"Selfgedrewe tuisonderwys".

Die s-klank wat hier herhaal is, is 'n voorbeeld van ...

- A assonansie
- B alliterasie
- C metafoor
- D onomatopée

(1)

2.9 Watter klankmiddel word gebruik in die herhaling van die s-klank in "selfgedrewe tuisonderwys"?

(1)

Lees die onderstaande teks versigtig deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

DIE ANTWOORD: NET 'N BLIK VERF!

- 1 Die antwoord vir groter produktiwiteit en kreatiwiteit by werknemers lê opgesluit in 'n blik verf. Miskien is dit op dieselfde idee gebaseer as musiek vir lêhenne en melkbeeste, alhoewel kreatiwiteit seker nie in hierdie geval nodig is nie.
- 2 Kleurkenners raai werkgewers aan om te dink oor die kleur wat hulle vir hul kantoormure kies. 'n Waaghalsige rooi of 'n dromerige seeblou kan onderskeidelik 'n energieke of kalmerende invloed op jou werknemers en kliënte hê.
- 3 Studies oor dié sielkundige dinamiek van kleur word al baie jare gedoen en wetenskaplike navorsing dui daarop dat kleur veranderinge in 'n mens se gemoedstemming kan meebring – ook in die werkplek. Dit kan weer diensgehalte en produktiwiteit beïnvloed.
- 4 “Nog voor jy die kleurwiel nader trek om 'n kleurskakering vir jou kantoormure te kies, dink eers aan watter stemming jy by jou kliënte en werknemers wil skep,” sê me. Kim Meszaros, bemarkingsbestuurder van Kelly-mensehulpbrongroep.
- 5 Groen is die Kelly-groep se persoonlike keuse, sê Meszaros. Volgens haar is groen 'n energieke kleur wat kreatiewe denke stimuleer. Boonop is dit 'n goeie keuse vir 'n kantoor se raadsaal of vir die mure van 'n onderneming soos 'n advertensieagentskap.
- 6 Die meeste mense het twee kleurassosiasies. Die een fokus op die warm kwadrant van die kleurwiel (rooi, geel en oranje) en die ander is koel kleure soos blou, groen en pers.
- 7 “Kleursielkunde moet egter nie veralgemeen word nie, sê me. Sonica Bucksteg, 'n kleurkenner van Dulux. Die vernaamste kleure en hul assosiasie is rooi (liefde, passie, feestelikheid), blou (kalmte, vrede, koelheid) en swart (magtig, misterieus, elegant), sê sy. Aan die anderkant kan rooi gevaar beteken, blou kan dui op depressie en swart kan as 'n roukleur beskou word.
- 8 Volgens haar verskil die emosionele ervaring van kleur van mens tot mens. Party mense verbind rooi met haat en woede soos ons vind in die uitdrukking “hy sien net rooi” maar dieselfde rooi kleur van die Ferrari sal 'n ander uitwerking op dieselfde mens hê. Bucksteg se raad is om die ruimte, tekstuur, beligting en helderheid of donkerheid van die kleur in ag te neem. Die kleur moet veral 'n gunstige werkervaring meebring.
- 9 'n Helder verligte kantoor wat byvoorbeeld 'n sagte groen geverf is en gemaklike meubels het, gee 'n gevoel van kalmte, terwyl 'n swak beligte kantoor in bottelgroen jou terneergedruk kan laat voel. Helder kleure moet verkieslik met wit of 'n pastelkleur afgewissel word. Helderkleurige kantoormure kan oorstimulerend wees, terwyl eentonige mure nie die werkers stimuleer nie. Verf eerder 'n fokusmuur met 'n helder kleur en hou die res neutraal,” sê Bucksteg.
- 11 Vir die toekoms voorspel sy 'n sappige, lewendige rooi vir minstens een muur in die kantoor, veral om die swarmoedigheid oor die wêreldwye ekonomiese afswaai teen te werk.
- 12 “Rooi is op die oomblik die kleurinspuiting wat positiwiteit en proaktiwiteit vir

werknemers kan beteken.”

- 13 Nou weet ons ook hoekom die kleur swart aan sekere belangrike dae geheg word soos “Swart Dinsdag” in Suid-Afrika of “Swart Vrydag” in Amerika. Dis onderskeidelik toe vryheid van spraak ‘n knou gekry het en die dag ná Danksegging-Donderdag wanneer al die winkels uitverkopings hou om in die swart en nie meer in die rooi te wees nie. . .
- 14 Miskien het ons meer as ‘n blik verf nodig om ons positief te laat voel!

[Bron: *Rapport, Loopbane24*, 27 November 2011]

- 3.1 Kies die korrekte antwoord. Omkring slegs die letter langs die regte antwoord.

Werkgewers behoort die kantoorruimte vir die werknemers te beplan want hulle ...

- A bring meer tyd op kantoor as by die huis deur.
- B moet hul tyd op kantoor baie geniet
- C kan dan harder werk en nuwe idees uitdink.
- D behoort een groot, gelukkige familie te wees.

(1)

- 3.2 Waarom is dit raadsaam dat werkgewers kantoorruimte vir werknemers moet beplan?

- 3.3 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Staaf jou antwoord met 'n aanhaling uit die teks.

Kantoormure wat 'n dromerige seeblou kleur gevef is, veroorsaak dat kliënte en werknemers energiek is.

(1)

(2)

- 3.4 Dui aan of die stelling hieronder 'n FEIT of 'n MENING is en sê hoe jy dit weet.

Kleur kan veranderinge in 'n mens se gemoedstemming meebring.

(2)

3.5 Omkring die letter langs die regte antwoord.

Werknemers moet eers besluit watter stemming hulle by kliënte en werknemers wil skep voordat hulle 'n kleur vir kantoormure kies, want ...

- A rooi mure maak werkers aggresief.
 - B kleur beïnvloed diensgehalte en produktiwiteit.
 - C seeblou mure laat werknemers die heel dag lank droom.
 - D kleur beïnvloed nie mense se gemoedstemming nie.
- (1)

4.1 Volgens paragraaf een word musiek gebruik om hoenders en beeste te stimuleer. Wat word van hulle verwag?

(2)

4.2 Omkring die letter langs die regte antwoord.

Musiek stimuleer hoenders en beeste om ...

- A die regte voedselsoorte te produseer.
 - B mielies en groenvoer te vreet.
 - C kuikens uit te broei.
 - D eiers te lê en melk te produseer.
- (1)

4.3 Dink jy musiek stimuleer kreatiwiteit of produktiwiteit by melkbeeste en lêhenne? Gee 'n rede vir jou antwoord.

(2)

4.4 Sê of die stelling hieronder WAAR of ONWAAR is. Motiveer jou antwoord deur 'n sinsnede uit die teks aan te haal.

Melkbeeste en lêhenne moet eerder produktief wees as kreatief.

- _____ (2)
- 4.5 Skryf EEN woord uit die teks neer wat die noodsaaklike kenmerk van 'n lêhen en melkbees aandui.
- _____ (1)
- 5.1 Met watter kleur, volgens me. Sonica Bucksteg, 'n kleurkenner van Dulux, assosieer mense gewoonlik liefde, passie en feestelikheid?
- _____ (1)
- A liefde, passie en feestelikheid.
 B gevaar, vrede en hospitale.
 C mag, misterie en elegansie.
 D kalmte, vrede en koelheid. (1)
- 5.3 Watter kleur, volgens Sonica Bucksteg, sal die meeste mense laat dink aan partytjies en vrolik-wees?
- _____ (1)
- 5.2 Omkring die letter langs die regte antwoord.
- Volgens me. Sonica Bucksteg, 'n kleurkenner van Dulux, assosieer die meeste mense die kleur rooi met ... (2)
- 5.4 Waarom, volgens Sonica Bucksteg, sal dit nie raadsaam wees om 'n kantoorruimte rooi te verf nie?
- _____ (2)
- 5.5 Sê of die stelling hieronder WAAR of ONWAAR is. Skryf EEN woord uit die teks neer om jou antwoord te staaf.
- Swart kan onder sekere omstandighede met die dood geassosieer word. _____ (2)
- 6.1 In paragraaf 9 word na "sagte groen" en "bottelgroen" verwys. Watter TWEE gevoelens word deur elkeen afsonderlik geskep?
- _____ (2)

6.2 Omkring die letter langs die regte antwoord.

Wat is die verskil tussen die gevoelens wat "sagte groen" en "bottelgroen" mure moontlik tot gevolg kan hê?

- A Bottelgroen skep 'n gevoel van terneergedruktheid.
- B Bottelgroen- en sagte groen mure laat mense moeg voel.
- C Sagte groen kan 'n mens kalm laat voel.
- D Sagte groen kan 'n mens kalm laat voel, terwyl bottelgroen jou terneergedruk kan laat voel. (1)

6.3 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Motiveer jou antwoord.

Wanneer 'n mens terneergedruk voel, sien jy uit na 'n toekoms.

_____ (2)

6.4 Omkring die letter langs die regte antwoord.

Die kleur van die werkplek moet " 'n gunstige werkervaring meebring" omdat (paragraaf 8) ...

- A dit lui werknemers sal aanspoor.
- B werkgewers hulle werknemers goed moet behandel.
- C gelukkige werknemers produktief sal wees.
- D werknemers onmoontlike eise stel. (1)

6.5 Haal EEN woord uit die teks aan wat aandui dat 'n vertrek nie net met een, helder kleur geverf behoort te word nie.

_____ (1)

7.1 Omkring die letter langs die regte antwoord:

"Dis toe vryheid van spraak 'n knou gekry het." Hierdie uitdrukking beteken dat mense ...

- A die reg het om te sê wat hulle wil oor enige onderwerp.

- B se reg om te sê wat hulle wil, bedreig is.
- C die enigste spesie is wat vryheid van spraak hoog aanslaan.
- D mekaar aanhoudend afknou deur middel van spraak. (1)

7.3 Waarom word die dag waarop "vryheid van spraak 'n knou gekry het". "Swart Dinsdag" genoem?

(2)

7.2 Wat het gebeur op "Swart Vrydag"?

(1)

7.4 Dink jy dat dit goed of sleg is wanneer iemand of iets 'n "knou" kry?
Gee 'n rede vir jou antwoord.

(2)

7.5 Voltooi die volgende stelling deur die ontbrekende woord in te vul. Skryf net die woord op die lyn onderaan die vraag neer.

"Swart Dinsdag" het in Suid-Afrika sy ontstaan gehad en "Swart Vrydag" in ...

(1)

8. Bestudeer die spotprentjie hieronder en skryf EEN van die dialoë wat daarop gebaseer is.




[Bron: MAGAZINE FEATURES]


- 8.1 Gebruik die spotprent as 'n prikkel om 'n dialoog te skryf. Jy moet die korrekte formaat en register gebruik. Jou dialoog moet tussen 160 en 180 woorde lank wees. (30)

OF

- 8.2 Skryf 'n dialoog van 'n gesprek tussen jou en jou ma. Jy wil saam met 'n vriend/vriendin gaan vakansie hou. Jy sal jou ma moet "sag maak" om toestemming te kry. Jou dialoog moet tussen 160 en 180 woorde lank wees en die korrekte formaat en register toon. (30)



9. Bestudeer die strokiesprent hieronder en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.



[Bron: Uit Huisgenoot deur Keith & Lorna Stevens]

9.1 Skryf die sin hieronder oor en verbeter die taalfoute.

Hy gebruik 'n metaalverklikker om metaal voorwerpe soos juweliersware en geld te opspoor.

(1)

9.2 Verbind die sinne hieronder met die gegewe voegwoord.

Ben, tannie Minnie en Babsie ontspan op die strand. Hulle hou vakansie. (omdat)

(1)

9.3 Omkring die letter langs die regte antwoord.
Tannie Minnie is 'n (foutvinderig) ou vrou.

Die korrekte vorm van die woord tussen hakies is:

- A foutvinderig
- B foutvinderige
- C foutvinderigste
- D foutvindige

(1)

9.4 Daar is min (voordele) daaraan om so 'n familielid te hê.

Skryf 'n woord neer wat die teenoorgestelde (antoniem) beteken as die woord tussen hakies.

(1)

9.5 Omkring die letter langs die regte antwoord.

Tannie Minnie sê dat die man 'n parasiet is.
Hierdie sin is 'n voorbeeld van:

(1)

- A vergelyking
- B denotasie
- C personifikasie
- D konnotasie

9.6 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is en verskaf 'n rede vir jou antwoord.

Die sin hieronder is 'n voorbeeld van denotasie.

Tannie Minnie sê dat die man 'n parasiet is.

(2)

9.7 Skryf die sin hieronder in die ontkenende vorm.

Mense verloor hulle besittings op die strand.

(1)

9.8 Kies die korrekte antwoord:

Die man (wie/wat) tannie Minnie pleit, is baie hoflik.

(1)

9.10 Skryf die sin hieronder oor en rangskik die gedeelte tussen hakies in die korrekte volgorde.

Die gesin het (Durban toe/vir die Desember vakansie/per motor) gereis.

(1)

9.9 Gee die verkleiningsvorm van die woord tussen hakies.

Selfs tannie Minnie se (hond) smee die man met die metaalverklikker.

(1)

10. Bestudeer die strokiesprent hieronder en beantwoord dan die vrae.



[Bron: *Huisgenoot* deur Jerry Scott & Jim Borgman]

10.1 Skryf die meervoud van die woord tussen hakies neer.
Mense het in die ou dae na hulle (radio) geluister en nie TV gekyk nie.

(1)

10.2 Omkring die letter langs die korrekte antwoord.

Mense het in die ou dae na hulle radio's geluister en nie TV gekyk nie.
Die meervoud van radio word met 'n afkappings –s gespel omdat:

- A meervoude in Afrikaans met 'n afkappingsteken geskryf word.
- B radio 'n selfstandige naamwoord is.
- C 'n selfstandige naamwoord wat na 'n enkelvoud op "o" eindig, 'n afkappings –s in die meervoud kry.
- D 'n afkappings –s is altyd die meervoud wat tegnologiese toebehore aandui.

(1)

10.3 Skryf die meervoud neer van Pa en verskaf 'n rede vir jou antwoord.

(2)

10.4 Gee die intensiewe vorm van die woord tussen hakies.

Pa was beslis nie (beroemd) as platejoggie nie.

_____ (1)

10.5 Skryf die sin hieronder korrek oor deur die regte voorsetsel te kies uit dié tussen hakies.

Pa het (op/aan/by) die universiteit studeer om 'n tandarts te word.

_____ (1)

10.6 Ek is steeds jou "groupie". (raampie 6)
Verskaf 'n sinoniem ('n woord met min of meer dieselfde betekenis) vir die onderstreepte word.

_____ (1)

10.7 Skryf die sin hieronder oor in die ontkennde vorm.

Dis soos ek jou ma leer ken het.

_____ (1)

10.8 Skryf die sin hieronder oor in die verlede tyd.

Jy moet ook so iets doen.

_____ (1)

10.9 Omkring die letter langs die regte antwoord.

Die implikasie van Jeremy se woorde: "My ouers wil hê ek moet my toekomstige kinders na maak" is dat:

- A hy nie kinders wil hê nie.
- B hy nog nie kinders het nie.
- C sy pa se aanbeveling hom glad nie aanstaan nie.
- D hy eendag sy kinders gaan na maak.

(1)

10.10 Sê of jy met die stelling hieronder saamstem of nie en gee 'n rede vir jou antwoord.

Jeremy se vriendin se gesigsuitdrukking maak dit duidelik dat Jeremy se pa se raad haar teen die bors stuit.

(2)

11. Bestudeer die strokiesprent hieronder en beantwoord dan die vrae.



- 11.2 Die seun se punte is beslis nie (hoog) nie.
Skryf die intensiewe vorm van die woord tussen hakies neer.
_____ (1)
- 11.1 Hy gaan vir die geheime (diens) werk.
Gee die meervoud van die woord tussen hakies.
_____ (1)
- 11.3 Die seun (wie/wat) opgelei word vir die geheime diens, is baie lui.
Kies die korrekte voornaamwoord uit die woorde tussen hakies en skryf dit neer.
_____ (1)
- 11.4 Die seun se punte is glo (hoogs) vertroulik.
Gee 'n sinoniem ('n woord met min of meer dieselfde betekenis) vir die woord tussen hakies.
_____ (1)
- 11.5 Die seun steek elke (keer/keur) sy punte weg.
Kies die korrekte woord uit die twee tussen hakies en skryf dit neer.
_____ (1)
- 11.6 Die raport is swak.
Skryf die sin hierbo oor en verbeter die spelfout.

(1)

- 11.7 Die seun steek gereeld sy punte weg.
Skryf die sin hierbo in die verlede tyd oor.

(1)

- 11.8 'n Kind moet (asseblief) nie sy ouers so bedrieg nie.
Gee die korrekte afkorting vir die woord tussen hakies.

(1)

- 11.9 Hy word vir die geheime diens opgelei.
Verander die stelsin hierbo in 'n vraagsin.

(1)

- 11.10 Skryf die leeu se woorde in raampie 2, "Mag selfs die ouers nie eers weet nie?" oor in die indirekte rede.

(2)

12. Gebruik die onderstaande prentjie as 'n prikkel om 'n dagboekinskrywing te skryf. Jy moet die korrekte formaat en register gebruik. Jou dagboekinskrywing moet tussen 50 en 70 woorde lank wees.



[Bron: *Huisgenoot Eksamenhulp*]

- 12.1 Julle is met vakansie langs die Tugela-rivier. Jou broer is vanoggend deur krokodille aangeval toe hy water by die rivier gaan skep het. Gelukkig is hy betyds gered maar hy is tog beseer en sal seker 'n paar dae in die hospitaal moet vertoef.

Skryf in jou getroue ou dagboek oor hoe jy oor alles voel. (20)

OF

- 12.2 Jy het vandag 'n noue ontkoming gehad. Vertel wat gebeur het? Is jy beseer of het jy net 'n duur les geleer?

Skryf in jou dagboek oor vandag se ervarings. (20)

OF

- 12.3 Jy het vandag iets verkeerd doen al het jou ma jou daarteen gewaarsku. Ongelukkig kom spyt altyd te laat. Skryf in jou dagboek daaroor. (20)

13. Gebruik die onderstaande prentjie as 'n prikkel om 'n lys instruksies te skryf. Jy moet volsinne gebruik. Jou skryfstuk moet tussen 50 en 70 woorde lank wees.

(20)

SMOKEY, DIE KAT WAT OORVERDOWEND SPIN!

HOE DIT VERGELYK

| | | | | | |
|---|---------------------------------|---------------------------------|----------------------------------|---|---|
| | | | | | |
| 70 desibel 'n Mens wat hard snork | 80 desibel 'n Stof- suier | 92 desibel Smokey die kat | 100 desibel 'n Hamer- boor | 140 desibel 'n Vliegtuig wat opstyg | 194 desibel Hardste moont- like klank |

[Bron: Geoff Robinson Photography]

13.1 Julle gaan 'n paar dae weg en jou pa is die enigste gesinslid wat by die huis gaan bly. Hy is baie vergeetagtig maar jy het geen keuse nie. Hy sal jou beminde katjie moet oppas todat jy terugkeer.

Gee hom 'n volledige lys instruksies oor hoe om jou katjie op te pas.

OF

13.2 Jy gaan op 'n hokkietoer en 'n vriend/vriendin het aangebied om jou beminde katjie op te pas terwyl jy weg is. Jou kat sal seker probeer ontsnap om terug huis toe te gaan. Skryf 'n volledige lys neer van alles wat jou vriend/vriendin moet doen om jou katjie goed op te pas. (20)

OF

13.3 Oorverdowende geluide is nou aan die orde van die dag. Maak 'n lys van alles wat gedoen kan word om te verhoed dat dié geluide ons lewens oorheers. (20)

